

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA
OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA



UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Dinsdag 3 Januarie 1978 WINDHOEK Tuesday 3 January 1978 No. 3685

INHOUD:

PROKLAMASIE:

No. 1 Datum van Inwerkingtreding van die Ordonnansie op Huurgelde, 1977

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

No. 9 Ordonnansie op Padverkeer 1967: (Ordonnansie 30 van 1967): Artikel 59 A(1)(a): Verlenging van Geldigheidsduur van Bestuurderslisensies

No. 10 Regulasies Ingevolge Artikel 38 van die Ordonnansie op Huurgelde, 1977

CONTENTS:

PROCLAMATION:

No. 1 Date of Commencement of the Rents Ordinance, 1977 20

GOVERNMENT NOTICES:

No. 9 Road Traffic Ordinance 1967: (Ordinance 30 of 1967): Section 59A(1)(a): Extension of Validity of Driver's Licences 21

No. 10 Regulations in Accordance with Section 38 of the Rent Ordinance, 1977 21

PROKLAMASIE

van die
**VOORSITTER VAN DIE UITVOERENDE
KOMITEE VAN SUIDWES-AFRIKA**

No. 1 van 1978]

**DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN DIE
ORDONNANSIE OP HUURGELDE, 1977
(ORDONNANSIE 13 VAN 1977)**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van Artikel 40 van die Ordonnansie op Huurgelde, 1977 (Ordonnansie 13 van 1977), bepaal dat genoemde Ordonnansie op 1 Januarie 1978 in werking tree.

Gegee onder my hand in WINDHOEK op hierdie die 19 de dag van DESEMBER 1977.

A. H. DU PLESSIS
*Voorsitter van die Uitvoerende
Komitee.*

PROCLAMATION

by the
**CHAIRMAN OF THE EXECUTIVE COMMITTEE
OF SOUTH WEST AFRICA**

No. 1 of 1978]

**DATE OF COMMENCEMENT OF THE RENTS
ORDINANCE, 1977 (ORDINANCE 13 OF 1977)**

The Executive Committee has determined under and by virtue of the provisions of section 40 of the Rents Ordinance, 1977 (Ordinance 13 of 1977), that the said Ordinance shall come into operation on 1 January 1978.

Given under my hand in WINDHOEK on this the 19th day of DECEMBER 1977.

A. H. DU PLESSIS
*Chairman of the Executive Com-
mittee*

Goewermentskennisgewing**Government Notice**

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

*Administrasie van Suidwes-Afrika,
Windhoek.*

No. 9] [3 Januarie 1978

ORDONNANSIE OP PADVERKEER 1967:
(ORDONNANSIE 30 VAN 1967): ARTIKEL 59
A(1)(a): VERLENGING VAN GELDIG-
HEIDSDUUR VAN BESTUURDERSLISENSIES.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van Artikel 59 A(1)(a) van die Ordonnansie op Padverkeer 1967, (Ordonnansie 30 van 1967) 1 Februarie 1979 as tweede datum vasgestel.

Goewermentskennisgewing 3421 van 15 Desember 1975 word hierby herroep.

No. 10] [3 Januarie 1978

REGULASIES INGEVOLGE ARTIKEL 38 VAN
DIE ORDONNANSIE OP HUURGELDE, 1977
(ORDONNANSIE 13 VAN 1977)

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 38 van die Ordonnansie op Huurgelde, 1977 (Ordonnansie 13 van 1977), die volgende regulasies gemaak:

Woordbepaling

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:-

“die Ordonnansie” die Ordonnansie op Huurgelde, 1977 (Ordonnansie 13 van 1977);

en het enige ander woord of uitdrukking waaraan 'n spesifieke betekenis in die Ordonnansie geheg word, in hierdie regulasies 'n ooreenstemmende betekenis.

Dagvaardings om voor huurraad te verskyn

2. 'n Dagvaarding wat kragtens die bepalings van artikel 11(1) van die Ordonnansie uitgereik word om iemand te gelas om voor 'n huurraad te verskyn of om 'n boek, geskrif of ding voor te lê moet in die vorm vervat in Bylae A wees.

The following Government Notices are published for general information.

H. P. F. GOUS,
Secretary for South West Africa.

*Administration of South West Africa,
Windhoek.*

No. 9] [3 January 1978

ROAD TRAFFIC ORDINANCE 1967: (ORDI-
NANCE 30 OF 1967): SECTION 59 A(1)(a):
EXTENSION OF VALIDITY OF DRIVER'S
LICENCES.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 59 A(1)(a) of the Road Traffic Ordinance, 1967 (Ordinance 30 of 1967) fixed 1 February 1979 as the second date.

Government notice 3421 of 15 December 1975 is hereby repealed.

No. 10] [3 January 1978

REGULATIONS IN ACCORDANCE WITH
SECTION 38 OF THE RENT ORDINANCE, 1977
(ORDINANCE 13 OF 1977)

The Executive Committee has, under and by virtue of the provisions of section 38 of the Rent Ordinance, 1977 (Ordinance 13 of 1977), made the following regulations:

Definition

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates: “the Ordinance” means the Rent Ordinance, 1977 (Ordinance 13 of 1977);

and any other word or expression to which a specific meaning is attached in the Ordinance, has a corresponding significance.

Summons to appear before rent board

2. A summons issued by virtue of the provisions of section 11(1) of the Ordinance to command someone to appear before a rent board or to submit a book, document or thing, must be in the form included in Appendix A.

Kennisgewing ten opsigte van eerste verhuring van woning deur verhuurder

3. (1) Wanneer 'n verhuurder van 'n woning ten opsigte van sy eerste verhuring van sodanige woning ingevolge die bepalings van artikel 24(1) van die Ordonnansie aan die betrokke huurraad kennis gee, moet hy dit doen op Vorm SWA 936 soos uiteengesit in Bylae B.
- (2) Sodra die huurraad homself vergewis het van die korrektheid van die kennisgewing bedoel in subregulasie (1), registreer hy die betrokke woning vir verhuring, en reik aan die verhuurder 'n "Sertifikaat van Registrasie as Verhuurder" op vorm SWA 937 vervat in Bylae C uit.

Kennisgewing van verandering van verhuurder

4. Wanneer 'n verhuurder van 'n woning ooreenkomstig die bepalings van artikel 24(2)(i) van die Ordonnansie aan die betrokke huurraad skriftelik kennis gee dat iemand anders hom as verhuurder van daardie woning opvolg, moet so 'n kennisgewing op Vorm SWA 337 soos uiteengesit in Bylae D geskied.

Kennisgewing deur persoon wat sy voorganger as verhuurder van woning opvolg

5. (1) Enigiemand wat 'n ander persoon as verhuurder van 'n woning opvolg, soos bedoel in regulasie 4, moet die bepalings van regulasie 3 betreffende die voorgeskrewe kennisgewing aan die betrokke huurraad, binne een kalendermaand ná sodanige opvolging nakom.
- (2) Wanneer 'n opvolgende verhuurder voldoen het aan die bepalings van subregulasie (1), reik die huurraad, op die wyse *mutatis mutandis* in regulasie 3(2) beoog, aan so 'n verhuurder 'n "Sertifikaat van Registrasie as Verhuurder" op Vorm SWA 937 vervat in Bylae C, uit.

Kennisgewing van verandering van huurder

6. Wanneer 'n verhuurder van 'n woning ooreenkomstig die bepalings van artikel 24(2)(ii) van die Ordonnansie aan die betrokke huurraad skriftelik kennis gee dat sodanige woning verhuur word aan 'n ander huurder as 'n huurder waarvan reeds aan sodanige huurraad kennis gegee is, moet so 'n kennisgewing op Vorm SWA 338 soos uiteengesit in Bylae E, geskied.

Verstrekking van maandelikse opgawe van huurders aan huurraad

7. Benewens die indiening deur 'n verhuurder van enige kennisgewing vereis ingevolge die bepalings van die Ordonnansie of hierdie regulasies, kan 'n huurraad van die verhuurder vereis om, waar 'n gebou of perseel in woonstelle verdeel is en daardie woonstelle

Notice in respect of first letting of dwelling by lessor

3. (1) When the lessor of a dwelling informs the rent board concerned in respect of his first letting of such dwelling in accordance with the provisions of section 24(1) of the Ordinance, he must do so on Form SWA 936 as set out in Appendix B.
- (2) As soon as the rent board has convinced itself of the correctness of the notice referred to in sub-regulation (1), it registers the dwelling concerned for letting, and issues a "Certificate of registration as Lessor" on Form SWA 937 included in Appendix C, to the lessor.

Notice of change of lessor

4. When a lessor of a dwelling according to the provisions of section 24(2)(i) of the Ordinance notifies the rent board concerned, in writing, that someone else is succeeding him as lessor of that dwelling, such a notice must be given on Form SWA 337 as set out in Appendix D.

Notice by person succeeding his predecessor as lessor of dwelling

5. (1) Anyone succeeding another person as lessor of a dwelling as referred to in regulation 4, must comply with the provisions of regulation 3 concerning the prescribed giving of notice to the rent board concerned within one calendar month after such succession.
- (2) When a succeeding lessor has satisfied the provisions of sub-regulation (1), the rent board issues a "Certificate of Registration as Lessor" on Form SWA 937 included in Appendix C, to such lessor, in the way stipulated *mutatis mutandis* in regulation 3 (2).

Notice of change of lessee

6. When the lessor of a dwelling according to the provisions of section 24(2)(ii) of the Ordinance notifies the rent board concerned, in writing, that such dwelling is let to a lessee other than a lessee of whom such rent board has already been notified, such a notice must be given on Form SWA 338 as set out in Appendix E.

Submitting of monthly statement of lessees to rent board

7. In addition to submitting any notice required in accordance with the provisions of the Ordinance or these regulations, a lessor may, in the case of a building or premises divided into flats let by him, be required by a rent board to submit to the rent board

deur hom verhuur word, een keer per maand, maar nie later nie as die sewende dag van die maand, aan die betrokke huurraad 'n skriftelike opgawe te verstrek van die name van die onderskeie persone wat op die eerste dag van 'n betrokke maand die huurders van die verskillende woonstelle was.

Strafbepaling

8. Enige verhuurder wat versuim om aan die bepalings van regulasies 3, 4, 5, 6 of 7 te voldoen is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of gevangenisstraf van hoogstens twee maande, of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

Inwerkingtreding van regulasies

9. Hierdie regulasies tree in werking op die eerste dag van Januarie 1978.

concerned not later than the seventh day of the month, a written monthly statement of the names of the various persons who, on the first day of a particular month, were the lessees of the different flats.

Penal Clause

8. Any lessor who neglects to comply with the provisions of regulations 3, 4, 5, 6, or 7 is guilty of an offence and liable, on conviction, to a fine not exceeding two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding two months, or to both such fine and such imprisonment.

Coming into operation of regulations

9. These regulations will come into operation on the first day of January 1978.

AANGETKEN/REGISTERED

BYLAE — A — APPENDIX

ADMINISTRASIE

— S.W.A. —

ADMINISTRATION

DAGVAARDING AAN 'N GETUIE OM 'N
ONDERSOEK VAN DIE HUURRAAD BY TE
WOON

ORDONNANSIE OP HUURGELDE, 1977
(ORDONNANSIE 13 VAN 1977)

AAN: Mnr./Mev./Mej.

SUMMONS TO WITNESS TO ATTEND
INVESTIGATION HELD BY RENT BOARD

RENTS ORDINANCE, 1977 (ORDINANCE 13 OF
1977)

TO: Mr./Mrs./Miss

U word hierby gedagvaar om te verskyn voor die
Huurraad, aangestel ingevolge die Ordonnansie op
Huurgelde, 1977 te -

DIE LANDDROSKANTOOR, WINDHOEK

op die.....dag van.....
19.... om 9 voormiddag en op enige latere dag wat be-
paal mag word as die verhoor uitgestel word, om ge-
tuienis af te lê in verband met 'n aansoek om:

en u moet die onderskeie boeke, geskrifte of voorwerpe
wat in die lys hiertoe gespesifiseer word met u saam-
bring en hulle dan aan die gemelde Raad voorlê.

En wees gewaarsku dat as u in gebreke bly om aan
hierdie dagvaarding te voldoen, u skuldig is aan 'n mis-
dryf en by skuldigbevinding strafbaar is met 'n boete
van hoogstens honderd Rand of gevangenisstraf van
hoogstens een maand, of met beide sodanige boete en
gevangenisstraf).

Gegee onder my hand op hede die
dag van 19

VOORSITTER/SEKRETARIS * VAN DIF
HUURRAAD VIR DIE GEBIED

*SKRAP WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE.

You are hereby summoned to appear before the Rent
Board, appointed in terms of the Rents Ordinance,
1977, at -

THE MAGISTRATE'S OFFICE, WINDHOEK

on the.....day of.....
19.... at 9 o'clock in the forenoon and on any subse-
quent day to which the investigation may be post-
poned, to give evidence respecting an application for:

and you are required to bring with you and then pro-
duce before the said Rent Board the various books,
documents or thins specified in the list attached hereto.

And take notice that if you fail to obey this summons
you shall be guilty of an offence, and liable on convic-
tion to a fine not exceeding a hundred Rand or to impris-
onment for a period not exceeding one month, or to
both such fine and such imprisonment.

Given under my hand this
day of 19

CHAIRMAN/SECRETARY* OF THE RENT
BOARD OF THE TERRITORY

*DELETE WHICH IS NOT APPLICABLE.

BYLAE — B — APPENDIX

SWA 936

VIR AMPTELIKE GEBRUIK
FOR OFFICIAL PURPOSESCERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE
CERTIFICATE OF REGISTRATIONAANSOEK OM/HERNUWING VAN*
APPLICATION FOR/RENEWAL OF*REGISTRASIE AS VERHUURDER
REGISTRATION AS LESSORJaar eindigende 31 Maart
Year ending 31 MarchVERHUURDER — indien nie, eienaar nie (Drukskrif asb.)
LESOOR — if not the owner (Please print.)

Familienaam Surname
Voorname Christian names
Posadres Postal address
Woonadres Residential address

2. EIENAAR/OWNER (Drukskrif asb./Please print.)

Familienaam Surname
Voorname Christian names
Posadres Postal address
Woonadres Residential address

3. BESONDERHEDE VAN WONING/PARTICULARS OF DWELLING

(a) Ligging/Situation

Stad/Dorp City/Town	Voorstad Suburb
Straat Street	Straatnommer Street number
Naam van woning/gebou Name of dwelling/building	Woonstelnommer Flat number
Grootte van erf Size of erf	Erfnommer Erf number

(b) Aard van woning/Nature of dwelling (merk met/mark with X)

Woonhuis Dwelling	Woonstel Flat	Kamer Room
Ander (omskryf) Other (specify)		

- (c) Grootte van woning (merk met X waar toepaslik)
Size of dwelling (mark with X where applicable)

Sitkamer Living room		Sit-eetkamer Living-dining room			Eetkamer Dining room	
Slaapkamers Bedrooms	1	2	3	4	5	6
Kombuis Kitchen	Spens Pantry		Badkamer Bathroom		Slegs een vertrek One room only	
Ander (omskryf) Other (specify)						

- (d) Materiaal van buitewand/Material of outer walls (merk met/mark with X)

Baksteen Burnt Brick	Rousteen Raw brick	Sementsteen Cement brick	Assteen Ash brick	Sink en hout Iron and wood
Hout Wood	Asbesplaat Asbestos sheet		Ander (omskryf) Other (specify)	

*SKRAP WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE/*DELETE WHICH IS NOT APPLICABLE

- (e) Ouderdom van woning/Age of dwelling

Datum sedert eerste keer bewoon Date since first occupied
--

- (f) Munisipale waardasie/Municipal valuation

Verbeterings Improvements	R	Grond Land	R	Totaal Total	R
------------------------------	---	---------------	---	-----------------	---

- (g) Munisipale belasting jaarliks (L.W.)/Municipal rates annually (N.B.)

Eiendomsbelasting Property rates	Sanitasiegelde Sanitary fees	R
-------------------------------------	---------------------------------	---

- (h) Brandassuransie/Fire Insurance

Jaarlikse premie Annual premium	Polisnommer Policy number
Versekeringsmaatskappy Insurance Company	

- (i) Instandhoudingsherstelwerk/Maintenance repairs

Gemiddelde jaarlikse uitgawe Average annual cost

4. **BESONDERHEDE VAN HUURDER(S)** (Drukskrif asb.)
PARTICULARS OF LESSEE(S) (Please print)

1. Familinaam Surname
Voorname Christian names
2. Familienaam Surname
Voorname Christian names
3. Familienaam Surname
Voorname Christian names

L.W. INDIEN RUIJTE ONVOLDOENDE VUL AAM MET BYLAE
 N.B. SHOULD SPACE BE INSUFFICIENT PLEASE ADD ANNEXURE

5. **BESONDERHEDE VAN HUUROOREENKOMS** (Merk met X waar toepaslik)
PARTICULARS OF LEASE (Mark with X where applicable)

Woning word verhuur sedert (datum) Dwelling in let since (date)		
Huurgeld: Maandeliks R /weekliks R Rental : Monthly R /weekly R		
Woning word verhuur gemeubileerd Dwelling is let furnished	Gedeeltelik gemeubileerd Partly furnished	Ongemeubileerd Unfurnished
Word bediening verskaf Is service provided	Ja Yes	Nee No.
Betaal huurder vir water verbruik Does lessee pay for water consumed	Ja Yes	Nee No
Betaal huurder vir elektriese krag Does lessee pay for electric current	Ja Yes	Nee No

DATUM
DATE

.....
 HANDTEKENING VAN VERHUURDER/EIENAAR
 SIGNATURE OF LESSOR/OWNER

BYLAE — D — APPENDIX

ADMINISTRASIE — S.W.A. — ADMINISTRATION

KENNISGEWING TEN OPSIGTE VAN VERANDERING VAN VERHUURDER
NOTICE IN RESPECT OF CHANGE OF LESSOR

1. WONING

DWELLING:

Erf. Nr.	Voorstad
Erf. No.	Suburb:
Straat en Nr.	Dorp
Street and No.	Town:
Omskrywing	
Description:	

2. HUIDIGE VERHUURDER

PRESENT LESSOR:

(a) Eienaar

Owner:

Adres

Address:

Tel. Nr.

Tel. No.:

(b) Gevolmagtigde verteenwoordiger

Plenipotentiary representative:

Naam

Name:

Adres

Address:

Tel. Nr.

Tel. No.:

3. OPVOLGENDE VERHUURDER

SUCCEEDING LESSOR:

Naam

Name:

Adres

Address:

Tel. Nr.

Tel. No.:

MAANDELIKSE HUURGELDE

MONTHLY RENTAL:

DATUM/DATE:

***HANDTEKENING VAN HUIDIGE VERHUURDER/*GEMAGTIGDE VERTEENWOORDIGER VAN HUIDIGE VERHUURDER**

***SIGNATURE OF PRESENT LESSOR/PLENIPOTENIARY REPRESENTATIVE OF PRESENT LESSOR**

***SKRAP WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE**

***DELETE WHICH IS NOT APPLICABLE**

BYLAE — E — APPENDIX
 ADMINISTRASIE — S.W.A. — ADMINISTRATION
 KENNISGEWING DEUR VERHUURDER TEN OPSIGTE VAN VERANDERING VAN HUURDER
 NOTICE BY LESSOR IN RESPECT OF CHANGE OF LESSEE

SWA 338

1. WONING
 DWELLING:

Erf. Nr. Voorstad
 Erf. No.: Suburg:
 Straat & Nr. Dorp
 Street & No.: Town
 Omskrywing
 Description:

2. VERHUURDER
 LESSOR:

(a) Eienaar
 Owner:
 Adres
 Address:
 Te. Nr.
 Tel. No.:

(b) Gevolmagtigde Verteenwoordiger:
 Plenipotentiary representative:
 Naam
 Name:
 Adres
 Address:
 Tel. Nr.
 Tel. No.:

3. HUURDER
 LESSEE:

(a) Huidige Huurder
 Present Lessee:
 Naam
 Name:
 Adres
 Address:
 Tel. Nr.
 Tel. No.:

Datum betrek
 Date of possession:
 (b) Vorige Huurder
 Former Lessee:
 Naam
 Name:
 Adres
 Address:
 Tel. Nr.
 Tel. No.:

Datum ontruim
 Date of evacuation:

4. MAANDELIKSE HUURGELDE
 MONTHLY RENTAL:

DATUM/DATE: *HANDTEKENING VAN VERHUURDER/*GEMAG-
 TIGDE VERTEENWOORDIGER VAN VERHUURDER

*SIGNATURE OF LESSEE/PLENIPOTENTIARY RE-
 PRESENTIVE OF LESSEE